

Woensdag 24 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 15:1-17

Fokusgedeelte: Johannes 15:5

Verbind aan Jesus Christus om vrugte te dra!

'n Loot kan net leef as dit 'n intieme eenheid met die wynstok het. Daar is 'n intieme eenheid tussen Jesus Christus en die gelowiges. Jesus het nie net 'n invloed op ons lewe nie; deur die Heilige Gees woon Hy in ons en verander ons sodat ons kan vrugte dra. 'n Gelowige is dus nie in die eerste plek iemand wat 'n klomp oortuigings aanneem of 'n klomp reëls nakom nie. God kom jou lewe binne, verander jou hart en gee aan jou 'n nuwe lewe. Want deur geloof is jy aan Jesus (die wingerdstok) verbind wat vir al jou sondes betaal het.

Jesus sê dat ons in Hom moet bly om vrugte te dra. Jesus gee ons twee maniere waarop ons in Hom moet bly:

- Ons moet in sy woorde bly. God se woorde bly in ons wanneer ons die Bybel lees en deel maak van ons lewe elke dag.
- Ons moet in sy liefde bly. God het jou nie meer lief op 'n goeie dag en minder lief op 'n slegte dag nie; sy liefde vir die gelowige is alreeds volmaak. Jy moet groei in jou bewustheid en waardering van God se liefde. Jy moet groei in die mate hoe jy in sy liefde bly en daarvan leef.

Wanneer ons 'n lewendige verbintenis met Jesus het, snoei God ons reg sodat ons nog meer vrugte kan dra. God snoei ons reg met sy Woord. Soms sê Hy vir ons dinge wat ons nie graag wil hoor nie. Maar ons moet dit hoor, want daardeur verander Hy ons om meer vrugte te dra. God snoei ons ook deur dinge wat in ons lewe gebeur. Soms laat God dit toe dat daar pyn en hartseer in ons lewe kom – Hy gebruik dit om ons ten goede te verander.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)